

## **Die belofte, eed en lewensanker (OP92)**

**Heb 6:13-20**

**5 Junie 2022**

Ons is steeds besig om die onderbreking in die skrywer se bespreking oor die Seun as Hoëpriester te bestudeer. Nadat die skrywer sy lesers ernstig gewaarsku het, het ons laasweek gesien hy was tog van beter dinge oortuig rakende die Hebreërs – hy het by hulle waargeneem dat hulle volhou om liefde-arbeid te verrig in diens van hulle medegelowiges en ook in God se Naam, en siende dat God nie onregverdig is nie, is die skrywer seker dit impliseer dat hulle nie afvallig geword het nie, maar bloot teruggegly het in hulle geloof. Daarna het ons gesien die skrywer het ook 'n vurige wens gehad vir sy lesers. Sy wens was dat hulle hulle met ywer sal toelê daarop om te kom tot volle sekerheid van die hoop, en dat hulle in hierdie sekerheid sal volhard tot die einde toe.

Vers 12 gee een van die maniere om te groei in hierdie sekerheid – gelowiges moet navolgers word van ander erfgename van die belofte, m.a.w. van ander gelowiges. Hulle moet spesifiek leer van die geduld en die geloof van hierdie medegelowiges, en daardeur ook aangespoor word om self geduldig in die geloof te volhard tot die einde toe.

In verse 13-20 brei die skrywer hieroor uit. In verse 13-15 verwys hy na 'n spesifieke voorbeeld van 'n medegelowige in die Ou Testament – dit is Abraham. In verse 16-20 maak hy dit wat ons van Abraham kan leer, van toepassing op die Hebreërs, en dus ook op ons wat ook die brief lees.

### Die voorbeeld van Abraham (Heb 6:13-15)

Vers 13 herinner ons daaraan dat God destyds aan Abraham 'n belofte gemaak het. Die vers leer ook dat God hierdie belofte wou bevestig deur bo en behalwe die belofte boonop ook 'n eed af te lê, met die doel dat daar geen onsekerheid moet wees of die belofte vervul sal word nie.

Kom ons herinner onself aan die gebeure toe God destyds aan Abraham die belofte en die eed gemaak het. Dit begin in Gen 12. In Gen 12:1-3 lees ons dat God vir Abram geroep het. Hy moes trek uit die land waar hy gewoon het na die land toe wat die Here aan Hom sou wys (vers 1). God het belof om Hom 'n groot nasie te maak en om Hom te seën sodat Hy ook tot seën sal wees (vers 2), en in hom sal al die volke van die aarde geseën wees. Vers 4 leer ons Abram was op daardie stadium reeds 75 jaar oud. Maar hy het geen kinders gehad nie – die belofte van 'n groot nageslag sou dus 'n besondere ingrype van God benodig om te realiseer.

In Gen 15:5-7 herhaal God die belofte aan Abram. God belof weer die groot nageslag (vers 5) en die beloofde land (vers 7). In vers 6 lees ons dat Abram in die Here geglo het – en dit is hom tot geregtigheid gereken (OAV). In Gen 16 lees ons dat Abram ongemaklik begin raak het met die feit dat hy geen kind het nie, terwyl God se belofte was dat hy 'n groot nageslag sou hê. Hy en Sarai maak toe die plan dat Abram by Hagar 'n kind moet verwek. Ismael is gebore toe Abram 86 jaar oud was – 11 jaar na die Here die belofte die eerste keer aan Abram gegee het. In hierdie optrede het Abram nie soseer die Here se belofte in twyfel getrek nie – hy wou eerder help om die belofte te laat realiseer.

In Gen 17 is Abram reeds 99 jaar oud – maar steeds het hy nie 'n kind behalwe Ismael nie, en dit was duidelik dat Ismael nie die kind van die belofte was nie. In vers 2 sluit God 'n verbond met Abram dat God sy nageslag baie sal vermeerder. God verander selfs sy naam na Abraham – want God onderneem om hom die vader te maak van baie nasies te maak (vers 5). In verse 7-8 sê God hierdie

verbond is 'n ewige verbond, en herhaal God die inhoud van die belofte dat God vir hom en sy nageslag 'n God sal wees en dat Abraham die beloofde land sal ontvang.

In Gen 21:1-7 lees ons dat Isak uiteindelik gebore is as kind van Abraham en Sara. Abraham was toe reeds 100 jaar oud – 25 jaar nadat God die eerste keer die belofte aan hom gegee het. 'n Paar jaar later, in Gen 22, gee God egter aan Abraham die opdrag om vir Isak te gaan offer. Dit is verstommend dat Abraham gehoorsaam was aan God se opdrag – die enigste kind waardeur God se belofte van dekades gelede tot dusver vervul is, en nou moet hy hom gaan offer. Ons ken die geskiedenis: Nét voor Abraham Isak sou slag, stop God hom. Nadat Abraham 'n skaapram in die plek van sy seun geoffer het, lees ons in verse 16-17 dat die Engel van die Here, dus die Seun van God, sê: “Dit is Ek, die Here, wat praat. Ek lê 'n eed af by Myself, dat Ek jou baie sal seën oor wat jy gedoen het: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste, aan My te offer nie. Ek sal jou vrugbaar maak en jou nageslag so baie maak soos die sterre van die hemel en soos die sand van die see. Jou nageslag sal die stede van sy vyande in besit neem. In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam.” Hier het God Sy belofte wat Hy herhaalde kere aan Abraham gegee het, boonop bevestig met 'n eed. God het hierdie eed by Homself afgelê. Daar is groot ooreenstemming tussen die inhoud van die belofte en die eed – in beide onderneem God om Abraham en sy nageslag te seën, en in beide onderneem God om aan Abraham 'n groot nageslag te gee waardeur al die nasies van die aarde geseën sal wees.

Dit is waarvan Heb 6:13 praat: God het beloftes aan Abraham gemaak, en dit toe met 'n eed bevestig. God het die eed by Homself afgelê, want Hy is die hoogste lewende Wese – daar is niemand hoër as God by wie God sou kon sweer nie. In vers 14 word die twee elemente van die eed opgesom: God sal vir Abraham seën, en aan hom 'n baie groot nageslag gee. Vers 15 sê: “En so het Abraham, nadat hy geduldig gewag het, gekry wat aan hom beloof is” Wat is dit wat Abraham ontvang het? In die eerste plek natuurlik Isak. Ja, hy moes 25 jaar wag, maar uiteindelik is Isak tog gebore. Ja, hy moes na 'n paar jaar vir Isak gaan offer, maar selfs toe het hy Isak as't ware uit die dood terug ontvang. Abraham het ontvang wat God beloof het – wel, ten minste gedeeltelik. Natuurlik is dit nog nie 'n groot nageslag nie, maar dit is 'n begin.

Lees Rom 4:18-22. Hier lees ons dat al was dit moeilik, al het die waarskynlik dat God se belofte sou realiseer, maar skraal gelyk, het Abraham nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte nie, maar is hy in sy geloof versterk. Daar was tye wat Abraham God wou aanhelp, maar hy moes leer om geduldig te wag dat God Sy beloftes op Sy tyd sou vervul. En dit was natuurlik juis die punt van die Hebreërskrywer in Heb 6:12, toe hy sy lesers aangemoedig het om navolgers te word van onder andere Abraham. Hy het hulle juis daarop gewys dat hulle Abraham moet navolg in sy volharding in geloof en in sy geduld om te wag op die vervulling van die Here se beloftes.

Maar hoekom het die Here eers die eed in Gen 22 by die belofte gevoeg. Op daardie stadium was Isak dan al reeds gebore. Op daardie stadium het Abraham Isak alreeds as't ware uit die dood terug ontvang na hy hom moes offer – hoekom het God op daardie stadium die eed by die belofte gevoeg? Ons lees in Gen 25 dat Abraham op 'n ouderdom van 175 jaar gesterf het. Met sy sterwe was Isak reeds getroud en Jakob en Esau reeds gebore. Ons weet ook dat Abraham weer getroud is na Sara se dood met Ketura, en dat sy verskeie kinders by Abraham gehad het. Alhoewel Abraham se nageslag dus besig was om te groei, was dit nog maar gering in vergelyking met God se belofte van 'n nageslag so groot soos die sterre aan die hemel, of dat al die nasies in hom geseën sou wees. Boonop lees ons in Heb 11:9-10 dat Abraham steeds 'n verwagting gehad dat daar meer in God se belofte rakende die beloofde land was as bloot Kanaän. Heb 11:13 verduidelik dat ook dat mense soos Abraham gesterf het sonder die volle vervulling van wat beloof is. Die doel met die eed, selfs na die geboorte van Isak, was om Abraham te bemoedig om verder geduldig te wag op die volle

vervulling van die beloftes aan hom – ‘n saak wat ook, soos ons sal sien, duidelik word uit die res van Heb 6.

#### Implikasies van die belofte en die eed op die Hebreërs, en dus op ons (Heb 6:16-20)

In verse 16-18 beredeneer die skrywer dat God se belofte en eed vir sy lesers, en dus ook vir ons, ‘n kragtige aansporing moet wees om vas te hou aan ons hoop (lees vers 18). Onthou, dit is die skrywer se vurig wens vir sy lesers dat hulle volle sekerheid van die hoop sal hê. Deur na die belofte en die eed te kyk, help dit om by sekerheid oor die hoop uit te kom. Kom ons kyk hoe die skrywer hieroor redeneer in verse 16-18.

In vers 16 verwys hy na die manier waarop mense ‘n eed gebruik. Tipies word ‘n eed deur iemand gesweer by iemand groter as hyself. In die proses roep die persoon die een by wie hy sweer in as ‘n getuie om te bevestig dat wat hy sê, waar is. Dit is ook hoe ons dit steeds gebruik – byvoorbeeld in die hof. Daar word getuies gevra om ‘n eed voor God af te lê dat hulle die waarheid sal praat. Die doel is dus om teëspraak te verminder. Vers 17 verduidelik dit is ook hoekom God destyds Sy beloftes aan Abraham bevestig het met ‘n eed – Hy wou daarmee onderstreep dat wat Hy beloof het absoluut vas staan.

Vers 17 verduidelik ook dat God hierdie versekering juis aan die “erfgename van die belofte” wou gee. Wie is die erfgename van die belofte wat God aan Abraham gegee het? In die belofte aan Abraham het God onder andere beloof dat Abraham ‘n groot nageslag sal ontvang, en dat hulle, net soos hy, deur God geseën sal wees. Die erfgename van die belofte moet dan tog sekerlik diegene wees wat deel vorm van daardie nageslag van Abraham. Die Nuwe Testament gee vir ons duidelike riglyne oor wie hierdie erfgename is: Gal 3:28-29 sê “Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal een. En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God”. Die “erfgename van die belofte” is dus alle gelowiges – dit sluit die Hebreërs in, want die skrywer was oortuig hulle het nie afvallig geword nie, en dit sluit elkeen van ons in wat waarlik glo.

Vers 17 verduidelik verder dat God met die eed wou verseker dat Sy besluit onveranderlik is (NAV). Die OAV vertaal dit met: God wou die onveranderlikheid van Sy raad toon. Engelse vertalings vertaal dit dikwels met die onveranderlikheid van Sy “purpose”. God het tog ‘n raadsplan waarvolgens Hy alles laat gebeur. En daardie plan het ‘n doel of “purpose” – en God verander nie die doel nie. God se doel is dat die aarde gevul moet word met Sy heerlikheid (Ps 72:19). En die hele Bybel onderstreep hoe God na hierdie punt toe werk: In Gen 1:28 gee God aan Adam die opdrag “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde”. Na die sondeval lees ons in Gen 3:16 dat Eva steeds swangerskappe sal belewe, al sal dit swaar wees – God wil steeds dat die mense die aarde moet vul. In Gen 9:1 lees ons na die sondvloed dat God vir Noag sê: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde”. In Gen 12, 15 en 17 het God aan Abraham beloof om sy nageslag te vermeerder. In Gen 22:17 as deel van die eed, sweer God: “Ek sal jou ryklik seën en jou ryklik vermeerder”. Let op: God het hier die verantwoordelikheid om te vermeerder op Homself geneem. God het dit beloof en bevestig met ‘n eed. Dit is God se onveranderlike “purpose”. God wil hê ons moet dit raaksien – ons kan maar ons oë oophou om te sien of dit gaan realiseer: Eks 1:7 sê die volk Israel het vermeerder en baie geword. Num 1 en 26 gee vir ons die detail uitslag van die twee sensusopnames – en die volk is so groot dat baie die akkuraatheid van die sensusopnames bevraagteken. In Mat 28:19 stuur Jesus die dissipels om dissipels te gaan maak van al die nasies – soos wat Hy aan Abraham beloof het. In Hand 2:41 na die uitstorting van die Heilige Gees kom 3 000 mense tot bekering en word deel van die nageslag van Abraham. Handeling 13:16-17 gee vir ons baie detail oor hoe die ware kinders van Abraham vermeerder uit baie nasies wat nie Jode is nie. Deur die loop van die kerkgeskiedenis oor die afgelope 2 000 jaar het

die kerk voortdurend gegroei. In ons tyd vind daar groei plaas veral in Afrika en lande soos China. En in Op 14 lees ons dat die ware nageslag van Abraham op Sionsberg bymekaarkom – en daar is 144 000 van hulle – wat natuurlik ‘n volheidsgetal is. Sien jy die punt van God in die belofte: Ek sál die nageslag van Abraham vermeerder. Dit is deel van God se oorspronklike doel met die wêreld, dit was deel van God se belofte aan Abraham, dit is bevestig met die eed sodat ons nie daaraan moet twyfel nie, sedert die eed is dit sigbaar in die ontwikkeling van die geskiedenis in die Bybel, dit is sigbaar in die geskiedenis na die Bybel, dit is deel van die openbaring aan Johannes wat selfs verder kyk as hierdie bedeling. Dit is eenvoudig oral! Daarom kan julle seker wees van die hoop – tot die einde toe - dit was die vurige wens van die skrywer vir sy lesers, en behoort ook ons vurige wens vir onself en vir al ons medegelowiges te wees. En dit is oor en oor bewys dat ons seker kan wees dat dit sal realiseer. Jy moet net ywer aan die dag lê om daarvoor te leer en te dink en begin om dit raak te sien.

Maar let mooi op wat die inhoud van die belofte en die eed is: “Ek sal jou beslis ryklik seën en jou ‘n baie groot nageslag gee” (Heb 6:14). Ons het nou gesien dat God besig is om aan Abraham ‘n groot nageslag te gee. Maar wat van die seën? God het ook aan Abraham beloof dat in hom sal al die volke van die aarde geseën wees (Gen 12:3). Alle mense het immers saam met Adam in sonde geval. Gaan God sondaars ryklik seën? Lees Gal 3:13-14. Hier lees ons Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet – dus van die vloek wat saam met ons sonde kom. Ons lees Hy het vir ons ‘n vloek geword, dus Hy het Hom met ons vereenselwig toe Hy mens geword het en ons sonde Sy eie gemaak het. Onthou, Hy is ons Hoëpriester wat mens geword het, wat self sonder sonde was, sodat Hy ons sonde op Homself kon neem en ons daarvan kon loskoop. Vers 14 voeg by dat deur hierdie feit – dat die Seun ons vloek geword het en ons daarvan losgekoop het – deur hierdie feit kan selfs mense wat nie Jode is nie, deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. Watter seën? Daardie seën wat God aan Abraham beloof het in die belofte dat in Hom al die volke van die aarde geseën sal wees, en daardie seën wat God bevestig het in die eed. Mense van alle nasies kan deel kry aan die seën en aan die nageslag van Abraham deurdat die Seun hulle losgekoop het van die vloek van sonde – deurdat Hy in hulle plek hulle sondes op Hom geneem het en daarvoor versoening bewerk het.

Kan ek jou herinner aan wanneer God Sy beloftes aan Abraham met ‘n eed bevestig het? Direk na Abraham vir Isak moes offer. Onthou: Isak is Abraham se nageslag. Abraham se nageslag word gespaar van die dood wat hulle verdien het a.g.v. die vloek van hulle sondes deurdat ‘n plaasvervanger in hulle plek geoffer word – ‘n skaapram word in hulle plek geoffer. Daardie skaapram is natuurlik ‘n Ou Testamentiese tipe van die Seun, die Lam. Direk na Isak se Plaasvervanger geoffer is, bevestig God Sy beloftes met ‘n eed: Die nageslag van Abraham sal ryklik geseën wees – hulle sal geseën wees deur die feit dat die Seun as plaasvervanger in hulle plek vervloek is. Deel van hierdie seën is ook dat die nageslag van Abraham die Heilige Gees mag ontvang wat in hulle harte die geloof werk (Gal 3:14).

Kan ek saamvat: God het met ‘n eed Sy belofte bevestig dat Abraham en sy nageslag geseën sal wees en sal vermeerder. Die seën hou in dat die Seun as hulle Leidsman hulle sondes op Hom sou neem en versoening daarvoor bewerk, en ook die Heilige Gees sal stuur om geloof in hulle te werk. Net na die Seun die verlossing bewerk het, het Hy Sy Heilige Gees gestuur en Sy dissipels uitgestuur om mense uit alle volke te roep om deel van die ware nageslag van Abraham te word. Hulle kry deel aan die seën wat God aan Abraham beloof het deur die werk van die Seun en die Gees, en hulle word natuurlik ook deel van die steeds groeiende nageslag van Abraham – en so sal al die nasies in Abraham geseën wees.

Geliefdes, ek hoop jy begin verstaan hoe bevoorreg ons is: Die Hebreërskrywer moedig sy lesers aan dat hulle seker kan wees van hulle hoop – want God het dit nie net beloof nie, Hy het dit ook bevestig met 'n eed. Bo en behalwe die belofte en die eed, het ons nog meer rede om seker te wees dat God Sy doel sal bereik: Ons kan sien hoe God deur die loop van die Bybelgeskiedenis steeds gewerk het daaraan om die nageslag van Abraham te vermeerder – eers deur die volk Israel, en later vanuit alle volke. Ons kan dit ook uit die geskiedenis sedert die Nuwe Testament tot vandag sien. Boonop het God reeds Sy Seun gestuur wat in die plek van die ware nageslag van Abraham die vloek op hulle sonde gedra het, Hy het ook reeds Sy Heilige Gees gestuur wat geloof in hulle harte werk – en dus het hulle ook deel aan die seën wat God vir Abraham beloof het. Ons sien dus dat God absoluut getrou is aan Sy belofte en eed. En daarom het ons en die Hebreërs rede om seker te kan wees van ons hoop.

Maar steeds het die skrywer nog meer waarmee hy ons wil bemoedig: Lees Heb 6:19-20a. In hierdie verse maak hy gebruik van beeldspraak. Ek gebruik Stuart Olyott se verduideliking hiervan. Destyds was die tegnologie van skepe nog redelik primitief. Veral om 'n skip in 'n hawe in te bring was 'n uitdaging. Een manier wat gebruik is, was om 'n rots wat stewig vas was op die wal van die hawe, te gebruik as 'n anker. 'n Persoon op die skip is dan uitgestuur met 'n roeiboot om 'n tou, wat aan die skip vas was, ook aan hierdie ankerrots in die hawe te gaan vasmaak. Nadat die tou aan die rots vasgemaak was, kon die bemanning van die skip die skip in die hawe bring deur die tou in te katrol.

In die beeld wat die skrywer gebruik, is hierdie ankerrots in die hawe agter die voorhangsel. Onthou, die voorhangsel was die gordyn wat Heilige van die Allerheiligste in die tabernakel geskei het. Agter die voorhangsel was die verbondsark, en ons het al dikwels daarna verwys as die voetbank van God se troon. Maar God se troon is natuurlik in werklikheid in die hemel. Hierdie ankerrots is dus in die hemel. Die skrywer sê Jesus het daar ingegaan. Natuurlik weet ons dat na Jesus Sy versoeningswerk hier op aarde voltooi het, het Hy opgevaar na die hemel toe, waar Hy aan God se regterhand sit in heerlijkheid. Die punt van die skrywer is egter dat Jesus daar ingegaan het as ons Voorloper – soos daardie man op die roeiboot wat die tou aan die rots in die hawe moes gaan vasmaak. Al wat nou nog nodig is, is dat ons finaal ingekatrol moet word sodat ons ook in die hemel by ons Voorloper en by God kan wees. Is daar enige risiko aan? Nee, want die tou is vas aan die 'n veilige en onbeweeglike lewensanker in die hemel! Die feit dat die Seun in die hemel is, is verdere rede waarom ons sekerheid kan hê oor ons hoop.

### Opsomming

Verstaan jy die punt van die argument? Die skrywer se begeerte is dat sy lesers ten volle seker moet wees van hulle hoop. Om seker te kan wees, moedig hy hulle aan om navolgers te word van ander gelowiges – in besonder Abraham. Hy wys hulle daarop dat God aan Abraham beloftes gegee het. Alhoewel hierdie beloftes lank gevat het om in vervulling te gaan, selfs om net gedeeltelik in vervulling te gaan, het Abraham in die geloof volhard en geduldig gewag. Na Isak gespaar is na die offergebeure, het God Sy belofte aan Abraham bevestig met 'n eed. Die rede was dat God verstaan het dat Sy beloftes op daardie stadium nog maar net gedeeltelik vervul is, en om Abraham te bemoedig, het God dus 'n eed bygevoeg. God wou nie hê dat Abraham moedeloos word nie. Nee, God wou hê dat hy die inhoud daarvan behoorlik verstaan en daaraan vashou – want die inhoud van die belofte en die eed lê aan die hart van God se doel/raad met die ganse skepping. En hierdie doel waarna God werk, verander nooit nie. Die Hebreërs, en ons, is bevoorreg om ook die belofte en die eed te hê. Boonop het ons God se handeling in die Bybelgeskiedenis. Ons kan sien God is inderdaad besig om Abraham se nageslag te vermeerder. Ons kan ook sien dat God die ware nageslag van Abraham seën deurdat Hy Sy Seun gestuur het om in hulle plek vervloek te word. Hy het ook Sy Heilige Gees gestuur om geloof in hulle te werk. En boonop het die Seun ook reeds as ons Voorloper,

ons Leidsman, reeds deur die voorhangsel gegaan tot in die hemel waar Hy vir ons 'n veilige en onbeweeglike anker is wat sal toesien dat ons ook ingekontrol word tot ons by Hom is – en daarom kan ons seker wees van ons hoop om by Hom te eindig! En daarom is dit belangrik dat ons met ywer van al hierdie waarhede moet leer en hoe hulle mekaar aan vul – sodat ons seker kan wees van ons hoop.

En na dit alles, keer die skrywer in vers 20b terug na die feit dat die Seun Hoëpriester is vir ewig volgens die orde van Melgisedek. Uiteindelik het hy die punt bereik dat hy wel voortgaan om dit te verduidelik in hoofstuk 7.

### Toepassing

In die Westerse wêreld is die kerk besig om te krimp. Al hoe meer mense is nie oortuig dat die kerk hulle iets waardevols bied nie. Alhoewel dit tragies is, is dit selfs nog meer tragies om te sien hoe die kerk dikwels hierop reageer. Die kerk reageer deur meer aantreklik te wil wees vir mense wat op die punt staan om die kerk te verlaat. Dit beteken die kerk word al hoe “gemakliker” gemaak: die prediking word ligter en dikwels korter, direkte en ernstige tereg wysings word minder, al hoe minder klem word gelê op formele lering, al hoe minder klem word gelê op die ernstige gevolge van sonde, al hoe meer klem word gelê op God se goedheid, al hoe minder klem word gelê op God se toorn, al hoe meer klem word gelê op hierdie lewe, en al hoe minder klem op die lewe hierna.

Dit verskil radikaal van wat Hebreërs ons leer van hoe ons moet reageer wanneer ons beleef dat mense hulle rug op God en Sy werk draai. Hebreërs leer ons dat die klem gelê moet word op ywer. Ja, ywer om meer getrou te wees in dade wat aan God se verwagtinge voldoen, maar veral ook ywer om meer te leer. Ons moet meer leer van God. Ons moet leer van God se raad en Sy doel met alles. Ons moet leer van God se beloftes en Sy eed. Ons moet leer hoe dit vir Abraham en ander gelowiges bemoedig het. Ons moet leer oor hoe God se handeling in die Bybel ontwikkel met verloop van tyd. Ons moet leer wat die implikasies hiervan is vir die tyd waarin ons leef. Ons moet leer hoe God Sy doel finaal gaan bereik. Ons moet leer hoe ons hierby inpas. Ons moet leer wat God van ons verwag. Ons moet leer wat Hy vir ons beloof het en wat Hy vir ons beplan.

Die punt is dit: hoe meer ons leer, hoe meer opgewonde sal ons raak oor God en oor Sy werk, hoe meer sal ons deel wil wees daarvan – en in die proses sal ons groei in ons geloof tot ons absoluut seker is van alles wat ons leer en ons met verlange uitsien na die volle realisering van God se wil – wat ook ons hoop is.

Ek vertrou dat ons bestudering van Hebreërs 'n geringe bydrae maak om jou aan te spoor om met ywer te leer, en tot jou groei in sekerheid van die hoop wat God vir ons voorberei het.